VROUEBYBELSTUDIE

Dinsdag		
KB1-5	15:00	Hester van Staden, Geelhoutlaan 2
PM1	15:00	Sanet Hanekom, Alheitstraat 38
PM3	15:00	Linda Basson, JS Maraisstraat 42
Sa3+4	15:00	Alta Hougaard, Tweedelaan 140
Bb1-4	15:00	Anita Botha, h/v 9e laan + 5e straat
Woensdag		
KP	09:30	
HK1+2	09:30	Lenie van Wyk, Watsonialaan 3
Ba1-3	10:00	Sybil Morkel, Botrivierweg 27
Sa1+2	10:00	Renske Jacobs, Tweedelaan 164
Sc1-4	10:00	Judith Laubscher, Vyfdelaan 41
PM2,4,5	15:00	Naomi van Coller, Singletonstraat 25
Sb1-3	15:00	Suzette Groenewald, Tweedelaan 92
Maandag 14		
Sb4	09:30	Mariëtte Hugo, Vyfdestraat 22
Dinsdag 15		
HK3	15:00	Rosemary Greeff, Gladioluslaan 10

KLEINGROEPE

Omgeegroepe en Bybelstudiegroepe word hartlik uitgenooi na die jaarlikse byeenkoms van alle kleingroepe. Dit vind plaas op **Woensdag 9 Oktober** om 18:00 vir 18:30 in die kerksaal.
Die formaat, Bring en Deel, is presies soos die vorige jare.
Alle groepe word versoek om 'n eenbak-warm gereg, slaai en nagereg vir hulle groep te bring.
Bring ook eie eetgerei, borde, nageregbakkie, glase, beker en drank. Elke groep moet ook 3 opskeplepels bring. Warm water, koffie, tee, suiker en melk sal voorsien word. Ons reël ook weer lekker brood en konfyt.
Die saal sal tussen 16:00 en 17:00 oop wees vir groepe om hul tafel te dek en te versier.
Ons sien daarna uit om heerlik saam te kuier.

FYNBOS WOEKER

Vrydag 11 Oktober verkoop Fynbos tussen 10:00 en 12:00 vetkoek en pannekoek, Dit kan vooraf bestel word.

KERKKLOK

KLEINMOND BETTYSBAAI PRINGLEBAAI ROOIELS

06:10:2019

Welkom by die Erediens

08:30	**Kerksaal**	**Dr. Chris Malan**
09:00	**Sentrum**	**Ds. Steven Sass**
09:30	**Kerkgebou**	**Ds. Chris v/d Westhuizen**

Deurkollekte: Bediening aan die Jode

Eredienste 13 Oktober 2019

08:30 Kerksaal
09:00 Hangklip-Sentrum in Bettysbaai
09:30 Kerkgebou

Deurkollekte: Biblia

DIE WEEK SE PROGRAM

Sondag	18:00 Bybelskool
Maandag	17:30 Hangklip Basaarvergadering
Dinsdag	09:30 Diens van Barmhartigheid 16:30 Gebedsgroep
Woensdag	18:00 Byeenkoms van Kleingroepe
Donderdag	16:00 Kooroefening 18:30 Diensverhoudinge

Kerkkantoor: Nienie 0282713470 Elizna 0282713268
ngkkleinmond@gmail.com/ www.ngkkleinmond.co.z
Ds. Steven Sass 072 352 8347
sassteven@hotmail.com
Dr. Chris Malan 072 198 7279
drchrismalan@outlook.com

ONS GEE OM

WAAR DAAR HARTSEER EN KOMMER IS...

Ons dink aan almal wat ons gebede baie nodig het
Ons dink veral aan: Riti Turner: KB1 (☏0793862695),
Tweenitha Coetzee: KB1 (☏3440),
Wynand Badenhorst: Sa1 (0824626484),
Basil Thorpe: Sa2 (☏0842001909()
Kobus de Jager: Sc2 (☏0765348088),
Suretha Luttig: Ba1 (☏0726068525), Du Toit v/d Merwe: Sb2
en Wessel Coetzee: Sa4

...**EN WAAR DAAR VREUGDE IS. . .**

Baie geluk aan almal wat gedurende die week verjaar.

In die besonder almal wat vandag verjaar. Ons gee ook hul kontaknommer sodat u hulle kan bel.

Piet Crous (0825789859 - BB5)
Adine Lineker (0727179075 - Sa3)
Naomie van Coller (0723888986 - PM4)
Anna van Heerden (0825587683 - KB5)

GEMEENTE SE VERJAARDAG

Op Vrydag 18 Oktober is ons gemeente 49 jaar oud. Ons begin die dag met ’n **dankbyeenkoms** by die preekboom langs die strandmeer. Alle lidmate is baie welkom om ’n piekniekmandjie te pak, ’n opvoustoel te gryp en 07:00 by die stranmeer te wees. Ons sing saam, bid saam en ds. Steven het ’n kort boodskap. Daarna drink ons saam koffie en eet wat ons saamgebring het.

Die aand eet ons as gemeente lekker saam. Dit is weer ’n heerlike **steakbraai**. Kaartjies is in die wyke en by die kerkkantoor beskikbaar. Ons eet ’n voorgereg. 300g steak, warm bykosse en nagereg teen R100 per persoon. Kaartjies moet asseblief voor 14 Oktober gekoop word.

KERKKANTOOR SKUIF

Volgende week beplan die bouers om deur te breek na die kerkkantoor. Die kantoor skuif dan tydelik na die konsistorie. Besoekers aan die kerkkantoor moet dus die konsistorie se deur gebruik, maar liefs eers die volgende week kom.
Manlike lidmate word gevra om van volgende Sondag af tydelik die dames se kleedkamer met hulle te deel tot die nuwe kleedkamers voltooi is.

GEBEDFOKUS

Ons bid hierdie week vir almal wat alleen en eensaam is, wat treur, almal wat bekommerd is. Kom ons vra die Here om ons te gebruik om mense te bemoedig en Jesus se liefde vir hulle te wys.
Kom ons bid vir die leiers in ons land: vir insig en wysheid en integriteit.
Ons bid vir ons twee leraars: vir fisiese en geestelike krag, vir vrede. Ons bid dat hulle genoeg tyd sal bestee aan hul ontspanning en hul gesinne.

EKO-NUUS

Baie dankie aan almal wat so flink huishoudelike afval herwin deur hul sakke by BD-Hub in Hoofweg te plaas.

♻ Ongelukkig kan ons nie wit sakke verskaf nie en die munisipaliteit ook nie. Troos is egter dat jy gewone swart sakke kan gebruik, die inhoud moet net reg wees.

♻ Iemand vra: hoekom mag ons nie eierhouers in die herwinningsakke sit nie? Rede is dat dit ’n “end-of-life”-produk is en nie weer herwin kan word nie. Gelukkig is dit nie gevaarlik vir die omgewing nie en sal dit gou in die grond ontbind. Jy kan dit selfs in jou komposhoop inwerk of as vuuraansteker gebruik.

♻ Ons reëling met Walker Bay Recycling (WBR) is dat die wa elke Wo & Do daar sal wees van ongeveer 09:00 - 17:00. Julle moet ook verstaan dat WBR nou ná Wo eers die wa moet gaan leegmaak en dan Do weer terugbring. Dis a.g.v. van die goeie reaksie van almal. As die wa vol is, sit jou sak maar langs die wa neer (nie straat kant nie).

♻ Kry Sondag weer vir jou een van die herwinningspamflette sodat jy weet wat herwin mag word.